
Augustus 2021

# Stellenberger

## Stellenberg-gemeente vier 50 jaar!



# Om te onthou . . .

Deur: Ds. Callie Visagie

**Wanneer 'n mens terugkyk oor jare heen, help dit ook om vorentoe te kyk. Elie Wiesel, 'n Auschwitz-oorlewende, skryf in sy *memoires* hieroor:**

- ***What does it mean to remember?***
- ***It is to live in more than one world***
- ***to prevent the past from fading and***
- ***to call the future to illuminate it.***

Dis tog wat ons as gelowiges, wat aan die gemeente verbind is, in dié dae doen. Vele verhale kan vertel word (en sommige van die staaltjies kan inderdaad verder in die publikasie gelees word) . . . verhale van hoop. Verhale van God se sorg en genade, asook van saambid en saamdoen. Verhale van geseënde uitreike en kampe is deel van die geloofsreis van vele. Jongmense wat die Here leer ken het en vandag letterlik tot in die verste buiteland die belewenisse en kennis wat hulle saam met die Stellenberg-gemeenskap opgedoen het, prakties uitleef.

Dit is wonderlik dat herinneringe ons help om nie die verlede te laat vervaag nie. Dit is wat die Bybelverhale ook doen. Dit vertel van God se handelinge in mense – gewone mense – se lewens. En hiervan raak die enkeles in hierdie publikasie nie eens die punt van die ysberg nie.

Die Here was waarlik die afgelope 50 jaar aan die werk in die gemeente. Ons was bevoorreg genoeg om die keuse te kon uitoefen om nie af te stig in kleiner gemeentes nie, maar om die eerste sogenaamde makrogemeente in die Kaap te word. Die gemeente se toegang tot verskeie bronne en die kwaliteit van ons lidmate het ons in staat gestel om 'n besondere rol te speel in die noordelike voorstede van Kaapstad, maar ook in die uitgebreide NG Kerk-familie.

Die verlede dien as 'n helder aanwyser om die toekoms met hoop te betree. Ons word geïnspireer deur die verhale van hoe en waar God




*Ons het saam met Callie onthou . . . en dié foto wat in 2000 geneem is in die argief opgespoor. Die afgelope 21 jaar het jou besonder goed behandel, Callie, en ons vertrou die volgende 21 jaar saam met die aftrede oor 'n paar maande sal ook sagkens met jou omgaan. Red.*

gewerk het . . . want Hy sal dit ook in die toekoms doen. Dit verg nie veel insig om te besef dat die kerk en breër geloofsgemeenskap in 2021 teen die agtergrond van ons globale omstandighede, maar ook met inagneming van die besondere uitdagings in ons land, voor unieke, nuwe uitdagings te staan sal kom nie.

Nuwe geleenthede wat ons moet aangryp, word geskep. Die uitleef van gemeentewees, die onderlinge verbondenheid aan mekaar, die inrigting van eredienste, sowel as van ander bedieninge, moet teen die agtergrond van veranderende samelewingspatrone vernuwend aangepak word.

Wanneer ons terugkyk, is ons dankbaar dat Stellenberg-gemeente die genade ontvang het om altyd verantwoordelik te vernuwe en vorentoe te beweeg – kenmerkend van ons gereformeerde tradisie.

Mag Stellenberg oor nóg 50 jaar steeds met dankbaarheid terugkyk na wat was én met geloof voortgaan – die toekoms in, om oor alle grense heen uit te reik sodat ons as volgelinge van Christus steeds nader aan God en nader aan mekaar kan leef om 'n verskil in die wêreld te maak en voortdurend te vernuwe.



# 1971 – die begin van ’n nuwe storie

**Toe Stellenberg-gemeente op 2 Augustus1971 van Durbanville-gemeente afgestig het, het die gemeente soos die gebruik is, ’n bruidskat van R20 000 en twee aangrensende erwe langs Mountain Viewrylaan tussen Nassau- en Raphaelsingel, ontvang.**

Dit was gou vir die destydse kerkraad voor die hand liggend dat dié twee erwe nie geskik sou wees vir die bou van 'n pastorie en kerkgebou nie. Die erwe was baie skuins, wat boukoste sou verhoog en daar was nie ruimte vir parkering beskikbaar nie.

Die boukommissie wat aangestel was om die gemeente se bouprojek te bestuur, het besluit om die stadsingenieur te kontak met die hoop om dié twee erwe vir meer geskikte erwe te verruil. Op 19 Oktober 1971 word die kommissie in kennis gestel dat die twee erwe in die gemeente se besit geruil mag word vir die twee erwe op die hoek van Mountain Viewrylaan en Edelweissweg. Die kerkraad moes daarvan kennis neem dat die erwe aangrensend aan 'n besigheidsperseel was en hewige beswaar is oor die aangeleentheid aangeteken. Kommer het veral geheers oor die moontlike handel wat op Sondae kon plaasvind, maar op die buur-erwe is uiteindelik 'n motorhawe opgerig en goeie samewerking is oor die jare heen tussen die gemeente en die eienaar van die motorhawe gevestig.

Aanvanklik is eredienste in die skoolsaal van Hoërskool Durbanville gehou en op 11 Mei 1972 is eredienste na die skoolsaal van Laerskool Kenridge verskuif. Dit het egter 'n droom gebly om 'n eie kerkgebou te bekom.

Op 7 Junie 1972 is daar begin met die bou van die pastorie op die hoek van Mountain Viewrylaan en Edelweissweg. Die tenderprys vir die huis het R35 000 beloop en op 18 Desember 1972 word die pastorie deur die eerste leraar betrek. Daardie gebou dien tans as die gemeente se kerkantoor. Na die pastorie voltooi is, het die kerkraad die bou van die kerkgebou begin aanvoer.

Op 17 Mei 1973 aanvaar die kerkraad die bouplanne – opgetrek deur die argitek, Hercules Bothma – vir die oprigting van 'n kerkgebou met duisend sitplekke. By dieselfde vergadering word besluit om nog 'n erf in Constantiasingel teen R 5 350 te koop vir die bou van nog 'n pastorie. Laasgenoemde pastorie is later jare verkoop en nie meer in die gemeente se besit nie.

Op 8 April 1974 word die meesterbouers, Van Dam en Noffki, se kwotasie van R295 592 vir die bou van die kerkgebou eenparig deur die kerkraad aanvaar en op 15 Mei 1976 het die groot oomblik aangebreek toe die sleutel van die voltooide kerkgebou aan ds. Visser, die gemeente se eerste leraar, oorhandig is.

Vervolg op bladsy 4 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 3.


**Interessante feite en probleme rakende die kerkgebou en bouproses:**

- Die reuseskuifdeur van vinielmateriaal, wat die kerkgebou en die saalgedeelte van mekaar skei, was op 'n tydstip die hoogste en langste skuifdeur in die suidelike halfrond.
- Die plafongedeelte van die saalgedeelte is heelwat laer as die van die kerk. Dit het blykbaar met die hoogspanningskabels wat destyds tussen die pastorie en die kerkgebou geloop het, te doene gehad.
- Die orrel se klankkas is op die kerkarea gerig en die saalgedeelte se kerkgangers hoor dus altyd die maat van die musiek so 'n halfnoot later.
- Die boustene, 'n kalsiumsilikaatsement-mengsel – waarmee die kerk gebou is, is baie duursaam en hoef nie geverf te word nie.
- Die ouderlinge en diakens kan nie aan weerskante van die kansel sit nie, soos dit destyds die gebruik was, en moes aan die een kant van die kansel, agter mekaar sit.

*Erkenning aan Nolte Smit, jare lange lidmaat van Stellenberg-gemeente, vir die versameling en argivering van al die inligting oor die gemeente se ontstaan en die geboue. Nolte woon in Burensingel 3.*


# Junie 1986 – die kleinsaal kom by

Die bouwerk aan die kleinsaal het in Junie 1986 begin. Die plan was om 'n bykomende saalgedeelte wat 400 mense kon akkommodeer by te voeg, asook 16 kategeselokale en nog 'n kombuis, waar tee en koffie bedien sou word. Die jeuglokaal soos ons dit nou ken, asook die bovertrek, is ook tydens die bouprojek, tot die saalkompleks bygevoeg.




# 1999 – selfoontegnologie tref die kerktoring

In 1999 het selfone deel van ons alledaagse leefwêreld geword en die kerktoring is ingespan om senders te huisves. Dit dien al oor jare heen as 'n vaste, deurlopende inkomste vir die gemeente.




Vervolg op bladsy 5 . . .

# April 2001 – die gemeente kry ’n amptelike

Onder leiding van die bekwame kommunikasie kommissie bestaande uit lede soos Herman Engelbrecht, Koos Lamont en Sanet Hattingh, is die gemeente se logo in 2001 ontwerp en onmiddellik op alle amptelike kommunikasie gebruik.

Die sirkel in die logo simboliseer die aarde en die kruis staan sentraal in die ontwerp, soos dit ook die middelpunt van ons geloof vorm. Die kruis breek ook deur die grense van die sirkel, wat ons visie: Reik uit oor alle grense, simboliseer. Die twee knielende figure simboliseer enersyds uitreik na mekaar en gesprekvoering; en andersyds gebed.

# 2004 – die kafeteria word ingerig


Stellenbergers het oor die jare heen altyd ’n behoefte gehad om bymekaar te kom en saam te kuier. Daarmee in gedagte, is die area langs die grootsaal se kombuis in 2004 in 'n kafeteriaruimte omskep. Die dekor en die kaggel wat geïnstalleer is, het 'n lekker knus ruimte geskep waar lidmate na kerk saam kon tee en koffie geniet.

# 2015 – die markplein skep ’n kuierruimte




Die eertydse rooiplein, die geplaveide area voor die saalkompleks, is in 2015 in 'n ruim kuiervertrek omskep, met glasskuifdeure wat kan oopmaak om 'n gesellige ruimte vir gemeentebyeenkomste, waar daar binne en buite gekuier kan word, te wees. Die koste van R1,2 miljoen het ook veranderinge aan die reeds bestaande kafeteria ingesluit. Die markplein is in November 2015 ingewy en op die foto regs, is lidmate besig om vir die naam van die nuwe kuierplek te stem. Die naam markplein het toe die meeste stemme gekry. Die ruimte word sedertdien op Sondae as ’n kafeteria gebruik en as ’n restaurant en kuierarea tydens die feesmark, basaar en ander gemeentefunksies.

# 2021 – na 50 jaar vier Stellenberg 'n goue jubileum



Gemeenteleraars deel hulle persoonlike belewenis van Stellenberg-gemeente.

**Eerste aan die woord is Philipp Dietmann, tentmakerleraar van die gemeente:**
**Iemand het eens gesê dat die langste weg soms die kortste pad huis toe is. My reis met Stellenberg-gemeente was 'n reis van lang paaie, wat my uiteindelik weer teruggeneem het na waar ek begin het.**

Ek is in hierdie gemeente gedoop. Nadat ons weggetrek het Johannesburg toe en ek klaar gestudeer het op Stellenbosch, het ek op 'n vreemde manier my pad weer teruggevind na die plek waar my lewe begin het. Hier kon ek toe 'n geloofstuiste vind en het die mense van die gemeente my geleer wat saamreis beteken en ook wat dit beteken om op pad te wees met medereisigers. Stellenberg is 'n gemeente wat uitreik oor alle grense heen. Dit het my 'n tydjie geneem voordat ek werklik verstaan het in watter gemeente ek gedoop is, want op 'n jong ouderdom ervaar ons mos die wêreld as vanselfsprekend oop, grensloos, vriendelik en huislik. Maar dis die aardige van reis en op pad wees en boonop van menswees – ons verander en ons groei. Die lewe en mense skaaf aan ons en sodoende leer ons baie vinnig dat grense nie net fisies is nie, maar dat dit ook in ons harte leef. Grense skei ons van ander mense en van God.

Maar binne die Stellenberg-gemeenskap het ek geleer dat die kortste pad, ook die langste pad kan wees. Dié gemeenskap het my geleer dat wanneer ons die verhouding met onsself, met ander, die omgewing en met God, mooier en meer betroubaar wil maak, daar geen kortpaaie is nie. Hierdie doop-gemeenskap van my glo dat liefde gevier moet word, waar ons ook al gaan – selfs al neem dit ons na plekke en mense wat ons ongemaklik laat voel. Juis dit het my uitgenooi om die grense in myself, asook dié tussen my ander mense en dié tussen my en God, oor te steek, sodat God se nuwe wêreld oral kan skyn.

Dis nie altyd maklik nie, maar ek dink dit is die rede hoekom ons nie alleen moet stap nie. Ek is bevoorreg om hiérdie pad saam met hiérdie gemeenskap te stap. Dis die langpad van die lewe, waar daar geen vinnige en eenvoudige antwoorde is rakende ou en nuwe grense wat ons moet oorsteek nie. Daarom kies ons as gemeenskap die uitgerekte kuiers en die viering van die lewe waar ons al die momente van die lewe gedenk – die goeie en die slegte. Hier word ek daagliks daaraan herinner dat daar by God se groot tafel altyd plek vir almal is. Daar is oorgenoeg sitplek, almal word waardeer en elkeen se storie word ontvang en met deernis en sagtheid vasgehou. Dis die langpad, maar dis ook die kortste pad huis toe.

Vervolg op bladsy 7 . . .

**Theo Swart, deeltydse leraar verantwoordelik vir Edelweiss Dienssentrum.**



**Op 1 Maart 2013 het ek op deeltydse basis deel van Stellenberg se span geword met die opdrag om die ACVV Dienstak Edelweiss te versorg. Meer as ag jaar en ook meer as 200 begrafnisse later, kan ek met dankbaarheid terugkyk op hierdie wonderlike voorreg!**

Ek kon deel word van mense se lewens en saam met talle hulle laaste stukkie hier op aarde stap. Die weeklikse Bybelstudie het ons gehelp om deur verskeie boeke van die Bybel te werk en baie by mekaar te leer.

Edelweiss het deel van my lewe geword en ek het ook deel van Edelweiss se lief en leed geword – onder die inwoners en ook die personeel. Covid-19 het ook by Edelweiss tot isolasie en ander uiterste maatreëls gelei, en eise gestel wat vir die inwoners, personeel en myself baie traumaties was. Ons moes vinnig alternatiewe vind om steeds die bediening te laat aangaan – en hopelik het ons daarin geslaag. Baie dankie aan Stellenberg wat dit finansieel moontlik maak om hierdie liefdesdiens by Edelweiss te verrig. Stellenberg se bydrae help boonop dat die bediening in my eintlike gemeente, Parowvallei-Oos, ook byna voltyds kan voortgaan.

**Hanno Ackerman, voltydse jeugleraar**



**Ek is maar nog net so drie tot vier jaar deel van Stellenberg se 50-jarige geskiedenis, maar ’n mens besef vinnig hoe bevoorreg jy is om deel van dié gemeente te wees. As die jongste leraar in die huidige leraarspan, is dit vir my ’n voorreg om deel te wees van dié ryk geskiedenis en die impak wat die gemeente op mense se lewens het.**

Die naam Stellenberg-gemeente dra soveel waarde, nie net in die Durbanville-omgewing nie, maar regoor die land. Die impak van ons jeuguitreike, ons dienste en ons mense, strek oor baie grense heen. Stellenberg is bekend vir vernuwende idees en besluite en ek beskou dié gemeente en sy lidmate as baanbrekers. Om hier te werk bly vir my ’n groot voorreg en ek is dankbaar vir die geleentheid wat ek het om in die gemeente te dien.

Vervolg op bladsy 8 . . .



**Marius Breytenbach, voltydse gemeenteleraar**

**Ons gesin se reis met Stellenberg-gemeente het in Julie 2004 begin toe ons vanaf Kleinmond hierheen verhuis het. Dit voel asof die afgelope 17 jaar verbygevlieg het; tyd in die gemeente wat ons as gesin by diep en betekenisvolle plekke saam met kosbare mense uitgebring het.**

Wanneer 'n mens dus nou skielik saam met die gemeente se 50ste bestaansjaar oor die verlede terugdink, beleef 'n mens die seën van hierdie jare en kom jy opnuut onder die indruk van dankbaarheid. Stellenberg is die gemeenskap waar ons kinders in die voorskool, laer- en hoërskool gevorm is. Wonderlike jare wat altyd by hulle ingegraveer sal bly. Hier het ons hegte vriendskappe gevorm, wat ons tot vandag toe nog koester.

'n Mens is dankbaar om vir jare deel te kon wees van 'n gemeenskap van mense wat jou in hulle huise en persoonlike lewens ingelaat het en in wie se diep hartseer en vreugdes jy met hulle kon deel. Ek is veral baie dankbaar vir die vele kollegas – 11 saam met wie ek gewerk het. Elkeen se unieke kundigheid en menswees het my op 'n besondere wyse aangeraak en verander. Die een ding wat my altyd van die kollegaspan en medewerkers in die gemeente sal bybly, is die waagmoed wat aan die dag gelê word om jaarliks nuwe gestalte aan ons gemeente waardes te gee: Nader aan God, nader aan mekaar, om voortdurend te vernuwe en 'n verskil in die wêreld te maak. Ek is trots om hiervan deel te kan wees en dit gee my moed vir die groot uitdagings wat ons vandag, met die 50ste viering van ons bestaanjaar, in die gesig staar.

**Why Duvenhage, voltydse leraar verantwoodelik vir getuienis en barmhartigheid**



**Stellenberg: "Gemeente met 'n uitreikhart"**

**Ek en my gesin het die voorreg om alreeds sedert 2000 aan Stellenberg-gemeente verbonde te wees. Dit was en is, om die minste te sê, 'n opwindende reis met baie avonture en wonderlike belewenisse. Allereers het dit die geestelike tuiste vir ons as 'n gesin geword, waar daar baie geleenthede vir ons kinders was om betrokke te raak by die jeugaktiwiteite van die gemeente. Ek glo dat dit juis tydens die jeugbediening en uitreike was, waar twee van ons kinders ook die roeping ontvang het om voltyds in die bediening te tree.**

Vir my as predikant was dit 'n wonderlike geleentheid en uitdaging om lidmate te begelei in 'n proses van omgee en uitreik. Ek het die voorreg gehad om vir ds. Willem Malherbe, wat 'n wonderlike fondasie gelê het vir die getuieniswerk van die gemeente as my voorganger in die bediening te hê.

Vervolg op bladsy 9 . . .

Wat my veral opgeval het, is die harte van Stellenbergers. Harte wat omgee, en wat bereid is om te dien deur hande en rande. Dit was en is, die grootste voorreg om saam met sulkes in die koninkryk van God te dien.

Oor die afgelope 15 jaar heen kon ek veral sien hoe jongmense, tieners en studente, deur hulle blootstelling aan ons uitreikgemeenskappe, werklik gevorm word tot volwasse gelowiges. Die toewyding, energie en entoesiasme van hierdie jong uitreikers sal my my lewe lank bybly. Verdere hoogtepunte was natuurlik die kampe, waar ek die voorreg gehad het om saam met die jeugleraars betrokke te wees en waar ons kon sien watter groot invloed dit op opkomende leiers in die kerk het.

Ek wil veral ook hulde bring aan kollegas saam met wie ek die voorreg gehad het om die afgelope jare 'n pad te loop. Dis 'n interessante, besondere klompie predikante in die span wat saamwerk, ongeag bepaalde verskille wat mag bestaan. Hegte vriendskappe het hier ontwikkel.

Die leuse van Stellenberg: "Reik uit oor alle grense" het my persoonlik elke dag geïnspireer vir die bediening hier en sal altyd vir my 'n lewensroeping bly.

Ek wil van die geleentheid gebruik maak om vir die honderde jongmense saam met wie ek die afgelope 15 jaar kon werk op kampe, uitreike en *Reach*, maar ook die volwassenes wat daarby betrokke was, baie dankie te sê. Min predikante het die voorreg om in so 'n gemeente te kan dien en mense te begelei om as dissipels van Jesus, 'n verskil in die wêreld te maak.

Mag Stellenberg in die volgende 50 jaar voortgaan om ons wêreld 'n beter plek te maak deur mee te werk om sy koninkryk uit te brei. Alle eer aan God wat hierdie gemeente, ook in die huidige moeilike omstandighede, vashou.

**René Potgieter, voltydse gemeenteleraar**



**Wat 'n voorreg om deel van die Stellenberg-familie te wees. Die afgelope drie jaar in die gemeente was vir my persoonlik 'n tyd van aanpassing en groei. Stellenberg-gemeente het egter 'n veilige ruimte daarvoor geskep en ek het die mense van die gemeente begin liefkry – lidmate wat deur hul menswees 'n verskil in die wêreld maak.**

Hierdie jaar is Stellenberg-gemeente 50 jaar jonk. 'n Gemeente wat diep spore in baie mense se lewens gelaat het. Net soos ons belydenis verwoord, het ons nie net nader aan God en mekaar gegroei nie, maar ook uitgereik oor grense heen en in mense buite ons gemeente se lewens 'n verskil gemaak.

My gebed vir die gemeente is dat mense hier 'n veilige geestelike tuiste sal vind. Dat God se Naam uitermatig groot gemaak sal word. Dat ons deur dit wat ons doen, God se koninkryk sal laat kom en sy wil sal laat geskied. Seën vir die volgende 50 jaar.

Vervolg op bladsy 10 . . .



**Callie Visagie, voltydse gemeenteleraar**

**Stellenberg-gemeente 'n ruim geestelike (Gereformeerde) huis!**

**Dit is 'n voorreg om binne die gemeente se strewes van "nader aan God, nader aan mekaar, maak 'n verskil in die wêreld en vernuwe voortdurend" te ervaar dat predikante en lidmate opreg poog om binne 'n gebroke wêreld hieraan gestalte te gee.**


Wat ek oor die bykans 25 jaar as predikant in die gemeente koester en waardeer, is die afwesigheid van kleinlike, gemeentelike politiek (Rick Warren . . . "the greatest wounds usually come from other sheep, not wolves."); die voorreg om saam te werk met 'n verskeidenheid uiters bekwame en toegewyde kollegas, begaafde, gebalanseerde en koelkop leierskap; energie en praktiese, realistiese planne in die kerkraad en in die gemeentelike aksies en waar lidmate nie heeltyd oor die predikante se skouers loer nie, maar in vertroue met mekaar saamwerk.

Ek was tot dusver bevoorreg om deel te wees van die gemeentemissie "Reik uit oor alle grense heen" om sodoende op vele plekke 'n verskil in honderde lewens (onder ons eie lidmate en bedieningsplekke) te kon maak deur mense aan die evangelie-boodskap bloot te stel. Dit kon alleen gedoen word deur die meedoen en ondersteuning (geestelik, finansieel, emosioneel en andersins) van die volle gemeente. Ek het beleef wat dit beteken "om met oop hande te leef", en met vele inisiatiewe in agtergeblewe en hulpbehoewende gemeenskappe 'n verskil te maak. Maar net so is lede van ons eie kerkfamilie, soos die Vosburg- en Op-die-Berg-gemeentes ondersteun – alles deur die ondernemingsgees van toegewyde en energieke lidmate van die Stellenberg-familie se toedoen. Om oor jare heen ook deel te kon wees van die span wat verantwoordelik was vir die feesmark, sowel as die seën wat voorgevloei het vanuit die fondse wat daardeur gegenereer is, was 'n wonderlike voorreg.

Wanneer 'n mens terugkyk oor die grootste gedeelte van jou loopbaan, is jy met dankbaarheid vervul omdat daar liefdevolle ruimtes geskep is waarin 'n mens saam met kollegas en lidmate aan 'n uitkringende geloofsgemeenskap kon bou. Daar is vele kinders van die Here wat sou kon identifiseer met die wyse waarop geloof hier uitgeleef en toegepas word, en dié waardes en waarhede steeds kan eggo!

# Oudleraars aan die woord . . .

**Daniël Louw (1976 – 1978)**



Vir altemit!

Vir my was dit ’n geweldige verandering vanaf Wynberg-gemeente met die uitermatige kompleksiteit van ministers in Bishopscourt aan die een kant tot padwerkers in Philippikamp op die Kaapse vlakte, na Stellenberg met ’n redelik homogene groep meestal jongmense. Ek was maar 32 jaar oud en as ek reg onthou, was die gemiddelde ouderdom van lidmate op daardie stadium so 33, 34 jaar. Een Sondag moes ek 19 kinders doop. Ek het elke ouerpaar afsonderlik drie keer gaan besoek om vir die doop voor te berei!

Alles in Stellenberg het glad verloop en ek het soms gevoel soos ’n spaarwiel in ’n Mercedes-Benz 500. Ek moet daar wees, maar net, soos die oom op Ceres gesê het: “Vir altemit!” Net vir ingeval en noodgeval.

Tog het ek gou uitgevind dat selfs al is ons jonk, is ons broos en het ons mekaar nodig. Huisbesoek was vir my belangrik. Een aand, teen die late, stap ek af in Katzenellenbogensingel om huisbesoek te gaan doen. Ek lui die klokkie en toe die vrou van die huis oopmaak, raak sy onbedaarlik aan die huil toe sy die ‘predikantjie’ sien. Haar man was op die grens en sy het gedink ek kom bring die doodstyding.

Verlede jaar loop ek ’n lidmaat uit Stellenberg in die Spar op Stellenbosch raak. Hy keer my voor en sê dat hy destyds so geskok oor my was. Ek het die basaar met tekkies aan geopen, want ek het pas van die tennisbaan af gekom. Hy kon sy oë nie glo nie.

Ek en ds. Visser, my medeleraar asook die gemeente se eerste leraar, het op die oog af radikaal van mekaar verskil. Hy was altyd in wit en swart geklee en hier kom ’n ou met tekkies aan – soms ook sommer kaalvoet soos die “verflenterde kaalvoet klonkie wat groente – evangelie – verkoop in die reën”. Tog het ons lekker saamgewerk en mekaar aangevul.

Liefie, sy vrou, het my altyd aan ’n skoenlapper op ’n geel papawer laat dink. Sy was ’n toegewyde, regte predikantsvrou. Sy het my laat belowe dat as sy voor oom Joos gaan, en hy trou gou weer, ek hom met ’n sweep sal slaan. Daar was juis ’n oom in Stellenberg wat drie weke na sy vrou se dood weer getrou het. Vir tannie Liefie was dit ’n bitter pil. Genadiglik het sy oom Joos oorleef!

Net so terloops. Omdat ds. Visser langs die kerk gewoon het, het hy een besondere Saterdag waarop hy ’n huwelik moes voltrek, eers ’n bietjie gaan skuins lê. Die koster (oom Schreuder) gaan roep hom later en hy is gou op die kansel. Hy was egter nog so ’n bietjie verdwaas en, met die paartjie voor hom, val hy weg met die doopformulier. Hy besef dadelik sy fout en slaan oor na die huweliksformulier. Toe hul in die konsistorie kom om die register te teken, kom die bruid se ma na hom. Sy was woedend en sê: “Hoe kon jy ons só verneder het. Dit is net ek en my dogter wat geweet het sy is swanger!”

Vervolg op bladsy 12 . . .

Ek het slef ook ’n slag sleg oorgekom. Die pastorie in Constantialaan was in aanbou. Ek en my vrou moes ingaan stad toe om gordynmateriaal te gaan uitsoek. Dit was ’n Vrydag en ek moes later die dag ’n huwelik in Durbanville voltrek.

Dit was so kwart voor sewe toe ons by die huis kom. Ek moes eers gou ’n gloeilampie in ’n kamer indraai. My vrou kom vyf oor sewe ingestorm en sê: “Jy het al om seweuur ’n troue in Durbanville gehad!” Soos ek op die leer staan, begin ek uittrek. Vyf en twintig minute later staan ek op Durbanville moederkerk se kansel. Dit is ’n spogtroue en die orrel speel. Toe die bruid inkom, snik sy soos sy huil. Ek tooi die evangelie rondom liefde, kerslig en sjampanje. Maar niks kon die ontstelde bruid oor my laatkommery laat bedaar nie. Jare later loop ek haar en haar man in Welgelegen-gemeente (Stellenbosch) waar ek lidmaat was, raak. Ons kon toe lekker oor die episode lag, want sy sê toe: “Ek het betyds geleer om in die huwelik te huil, want net trane help jou om met ’n koppige man saam te leef.” Die egpaar is steeds gelukkig getroud! Nou ja, begin Februarie 1978 is ek na die Kweekskool. En hier het ‘Altemit’ sy ‘Moses’ teëgekom en ook sy ‘Heiland’ leer ken. Die kuratorium was ’n harde baas. Ek tree in 2005 af, maar moes weens omstandighede tot 2015 aanbly. Ek is steeds navorser aan die Fakulteit Teologie en buitengewone professor by die Universiteit van die Vrystaat, asook Potchefstroom.

Ons woon tans in die aftreeoord Paradyskloofvillas in Stellenbosch. Maar hier het ek nie net my ‘Moses’ teëgekom nie, maar ook my ‘Goliat’.

Ek werk hier in die tuin van die aftreeoord en koel dan af in die swembad. Ek is van die min inwoners wat genadiglik nog kan in en uit. Toe ek eenkeer van vakansie terugkom, is daar ’n formele klag teen my by die trustees. Die klag: Ek swem met my vuil, stink, sweetlyf in hul swembad! Ek weet nie waar die antie aan my geruik het nie, maar ’n mens het genade in ’n aftreeoord nodig!


Gelukkig help Paulus my: Ons versprei ’n reuk van die lewe tot die lewe. So, ek tref voorbereidings vir die Vaderhuis. Ek hoop net ek sal nog kan gaan duik in Openbaring se “see van glas”, soos hier by Frans-kraal waar ons nou in afsondering wag op inenting.

**Nico Louw (1980 – 1981)**

**Dit was my besondere voorreg om vir een jaar, 1980, predikant te kon wees van die gemeente Stellenberg. Ons gesin het ingestap in 'n splinternuwe huis en kon nog die finale afronding self kies.**

Met my eerste erediens het die leierouderling, dr. Helmut Weich, my ingewag met die woorde: “Dankie, nou kan ek uiteindelik die kleed van die man met die meeste kinders, ses, oorhandig aan hierdie nuwe dominee met sewe kinders.”

Vervolg op bladsy 13 . . .



Ds. Nico Louw saam met sy seun, Jakkie. Hy is ’n bekende Afrikaanse sanger.

Di. Joos Visser en Kobus Koch het ons met groot liefde en sorg gedra en die humor van kerkwees, met ds. Visser aan die stuur, het nie agtergebly nie. Die oorskakeling van die ou moedergemeente in Oudtshoorn waar ons tien jaar was, wat hoofsaaklik uit ouer mense en hoërskoolkinders (drie skoolkoshuise) bestaan het, na hierdie nuwe moderne stadsgemeente, was nie so maklik nie. Ek het baie gou besef die mense wat voor my sit, is hoofsaaklik professionele mense – hoe en wat moes ek vir hulle preek? Die Here het vir my 'n woord gegee. My intreepreek was geskoei op Johannes die Doper se intreepreek. Toe gevra is wie hy is, was sy antwoord: "Ek is 'n stem – niks meer nie."

En dit was my groot taak en groot voorreg om elke keer die een of ander verrassing uit God se mond oor te dra en ek sal die nederige en opregte waardering van Stellenberg se mense nooit vergeet nie.
Ek beskou hierdie een jaar se bediening as 'n groot geskenk en 'n geseënde oorskakeling na Kenridge-gemeente. Stellenberg was 'n brug na my volgende en laaste taak, 25 jaar in 'n gemeente wat van 560 lidmate tot 6 000 gegroei het.

Mag Stellenberg 'n lig van oorwinning vir almal wat daar in hierdie donker tye skuil, wees.



**Bremer Gericke (1981 – 2017)**
**Stellenberg: Meer as 'n mens**

In Stellenberg het ons baie saam gelag en dikwels saam gehuil. Ons het gebid en beplan en gewerk, daar was uitdagings en teleurstellings en goeie stories. Stories – daar is soveel stories. Ons gesin het meer as drie dekades in Stellenberg gewerk en geleef en ons is dankbaar dat die veelkleurige Stellenberg-stories deel van ons lewensverhaal is.

Amper 40 jaar gelede is daar besluit: ons bly een gemeente al was dit ongehoord vir daardie tyd. En 'n paar jaar later: ons gaan oor alle grense heen uitreik. Dit was altyd moeilik om 'n ruimte vir kritiese denke te skep in 'n omgewing waar die meerderheid mense primêr konvensioneel dink en glo (vergelyk Jesus se lering en lewe). Tog het onder andere die akkommodering van diversiteit gevolg, die erkenning van alternatiewe spiritualiteite en oriëntasies, die uitreik na gemeenskappe. Dit het sommige mense se lewens wesenlik verander.

Dit was en is moontlik, want waar daar mense met liefde is, daar is God. So was Stellenberg nog altyd meer as een mens, ook meer as die baie mense saam. Maar, hoe meer mense minder kan word sodat God meer kan word, hoe meer kan God God wees. Dit is my verjaardagwens vir die 50-jarige Stellenberg. Dat God meer word en ons minder, die konteks van Johannes 3:30. Wat dit in die praktyk beteken, is eenvoudig . . . of is dit nie?



*Foto regs: Bremer, saam met dogters Florette en Greta, by die gesin se geliefde en bekende geel Datsun. Hier word die vuurwa vir die gemeente-rally wat in 2008 aangebied is, versier en voorberei.*

Vervolg op bladsy 14 . . .

**Carel van Wyk (1984 – 2004)**



*Carel en Philna in 1987 saam met klein Carel.*

**Dankbaarheid en heimwee! Dis die twee woorde wat by my opkom as ek aan Stellenberg-gemeente dink. In 1983 het ek saam met Bremer die jeugwerk behartig, en vanaf 1984 was ek en Philna voltyds predikantspaar, tot einde Junie 2004.**

Met 'n interessante veelparty-standplaasruilery het ons toe na Suider-Paarl-gemeente, onder die Taalmonument, verskuif. Tydens ons 21 jaar bedieningstyd in Stellenberg is al drie ons seuns gebore. Hulle was al drie was in Laerskool Eversdal en die oudste twee in Hoërskool Stellenberg. Carel is 'n elektroniese ingenieur, getroud met Lindie (Schloms) en hulle babadogtertjie was pas een maand oud. Neels is getroud met Dalyn en hulle woon in Amerika, waar hy 'n hoërskoolonderwyser is en hulle babaseuntjie sal DV in Augustus gebore word. Ons nalatige lammetjie, Nico, is ongetroud, en werk as hortoloog by Babylonstoren.

Ons was baie, baie gelukkig in Stellenberg. In ons bedieningstyd het die gemeente 'n geweldige groeifase, wat lidmate én kerkbywoning betref, beleef. Ons het gegroei van 'n driepredikant-gemeente na sewe voltydse en twee deeltydse leraars. Ek self het saam met 12 kollegas oor die jare heen gearbei. Humor en kindertjies was volop. Ons het soms tot 18 babas per maand gedoop!

Volgende jaar, DV teen einde Junie, tree ek af, en beplan ons om terug te gaan na Stellenberg – as lidmate! Ons kan nie wag nie!

**Christo Alheit (1985 – 1993)**

**Die vreugde(s) van Stellenberg-gemeente**



*Christo en Gesie Alheit*

**Dit was nogal moeilik om die beroep na Stellenberg in 1985 te oorweeg, want ons was dolgelukkig in die gemeente Tafelberg en ek was veral huiwerig om ds. Visser, wat die gemeente se eerste leraar was, op te volg. Tog was dit mettertyd duidelik dat ons die skuif moet maak, en oom Vissie het dit makliker gemaak toe ooreengekom is dat hy sou aanhou om lidmate op hul verjaardae te besoek soos sy gewoonte was . . . en ek kon in vrede huisbesoek doen.**

Ons eerste vreugde in die gemeente was om te ontdek dat hier 'n klomp aktiewe lidmate is wat saamwerk, saam bid en saam planne maak om as gemeente te groei in meer as net getalle. Baie van hulle het ons gehelp om met nuwe idees, vol kerke en baie jeugaktiwiteite maklik en gemaklik die skuif na 'n makrogemeente te kon maak.

Ons ander vreugde was die span predikante wat wonderlike vriende geword het en toegewyd was aan mekaar en ons roeping – daar was goeie samewerking tusen ons vyf, wat later ses geword het. Ons het opreg probeer om saam na die Here te luister oor wat sy plan met ons en die gemeente is.

Vervolg op bladsy 15 . . .

Veral Woensdae se saamwees was besonders.  En vrolik!!  Ons huishulp, Bettie, wat reeds sedert ons gesin se eerste dag in ons heel eerste gemeente deel van ons gesin was, het oor dié Woensdae baie te sê gehad.  Die deel wat haar beïndruk het, was as sy sien ons is almal op ons knieë besig om te bid. Nogal lank, het sy gedink.  Soms het ons geklink soos 'n basaar.  Nogal lawaaierig en vrolik, het Bettie gereken. En tussendeur het ons smaaklik geëet en tee gedrink.  Dan weer het sy gedink dis seker ons eerste versnaperinge van die week!

'n Ander vreugde was Bremer en die jeugwerk. Vol kerke saans en rumoerige deurnagte in die sale, met Bremer wat 'n paar keer deur die aand by ons in die eertydse pastorie op die kerkterrein inloer, om te sien wat daar te ete is en wat die kriekettelling op die TV is.

Dit was vir ons as predikante lekker om te deel in 'n ander vreugde van Stellenberg:  die besluit om nie verder af te stig nie, maar die kleinsaal by te voeg vir meer eredienste en meer predikante, wat later jare dalk net kon verminder sonder om die gemeente te ontbind.  En die vreugde om ander gemeentes wat sukkel, finansieel te ondersteun, asook met EE3- betrokkenheid.  Stellenberg het 'n uitreikgemeente geword!!

Ek vermoed ek is die oudste oudpredikant van die gemeente wat nog lewe.  En die enigste wat eers 'n predikant in Stellenberg was en toe 'n lidmaat.  Soms was ek ook ouderling en het toe eers geleer hoe moeilik dit is om na 'n vol dag se werk by die sinode, deur my wyk te stap.  Dit het my vol bewondering gelaat vir baie  lidmate wat dit oor baie jare heen gewillig gedoen het.

Die laaste vreugde van Stellenberg het ek daarna beleef.  My vrou, Adrienne, is in 2001 oorlede.  Ek het in 2002 afgetree, na Hermanus verhuis en vir 10 jaar namens die sinode gedien as brugpredikant in vakante gemeentes.  Toe is ek in 2015 getroud met Gesie du Plessis, wie se man, Gert, die laaste leierdiaken van my wyk in Eversdal was.  Dat dit wonderlik is om met iemand wat saam met ons in Stellenberg was, getroud te wees is gewis en het baie voordele – soos wanneer sy betyds 'n Stellenberger wat ons teëkom, se naam fluister.  Of soos toe ons onlangs mekaar moes troos oor die hartverskeurende nuus van Erna Gericke.

Ons toer deesdae die land vol met ons karavaan en geniet die 21 kleinkinders in ons uitgebreide familie. Ons het wel een groterige probleem:  Ons is albei vasbeslote om nie weer die langslewende van 'n gelukkige huwelik te wees nie!

Miskien lê daar nog een  vreugde voor – om eendag in die hemel 'n klomp Stellenbergers weer te sien, en vir 'n verandering almal se name te onthou.  Nie dat dit so belangrik kan wees as om saam by die Here te wees nie.  Aan Hom al die eer!!

Vervolg op bladsy 16 . . .

**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies  /
**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za  021 976 4519
NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal /  www.stellenberg.co.za

**Koosie Delport (1985 – 2008)**



*Die Delports met hulle aankoms in die gemeente met Marietjie, Koosie, Hermie, Louise en Johan.*

As ons terugdink, besef ons hoe groot rol Stellenberg in ons lewens gespeel het. Nie alleen was ek van 1985 tot 2008 predikant in Stellenberg nie, maar my pa was van 1963 tot 1969 predikant van Durbanville-gemeente toe die huidige Stellenberg-gebied nog onder Durbanville geval het.

En op 2 Augustus 1971, dieselfde dag waarop Stellenberg-gemeente gestig is, is ons oudste dogter, Hermie, in Uitenhage gebore. Die 50-jarige viering het dus vir ons dubbele betekenis.

Van die uitstaande herinneringe aan Stellenberg is die samewerking met die span kollegas. Anders as baie ander makrogemeentes, het Stellenberg nooit werklik een leierpredikant gehad nie. Ons was ’n span en het weekliks ’n paar uur saamgekom om te gesels en te lag, te beplan, te redeneer en mekaar reg te help wanneer nodig, asook om Bybel te lees en te bid.

Ons het ook jaarliks ’n paar dae weggebreek om meer intens aan kerksake en ons onderlinge verhoudinge aandag te gee. Een jaar is ons Johannesburg toe en het toe ook by Beyers Naude besoek afgelê. ’n Ander jaar is ons Stilbaai toe en ons het ook ’n keer die Weskus besoek. Die plek waar ons egter meestal bymekaargekom het, was in Kleinmond. Daar het Christo Alheit een aand in ’n restaurant vir die kelner gevra: “Watse werk dink jy doen hierdie groep manne?” Die kelner het ’n oomblik nagedink, en antwoord toe: “Government inspectors.”

Marietjie sê dat as sy aan Stellenberg dink, dink sy aan die wonderlike jeugbediening wat daar was toe ons kinders op skool was. Die kinders en jongmense het die verskillende samekomste en kampe en toere geweldig geniet en dit het ’n positiewe invloed op hulle lewens gehad.
En dan onthou ons die omgee en die uitreik van lidmate na mekaar én na ander gemeentes en gemeenskappe – dit is wat ’n kerk werklik Kerk maak.

Die grootste verleentheid wat ek ooit beleef het, was die oggend in 2008 met my afskeidsboodskap. So ’n kwartier voor die diens moes begin, het ek oorgestap kerkkantoor toe waar van die kerkraad bymekaargekom het. Toe ek almal gegroet het, besef ek skielik dat my plaatjie met ’n paar valstande by die huis is, en nie in my mond nie. Gelukkig was die pastorie net oorkant die straat en ek kon betyds die fout regstel – en toe darem met ’n mond vol tande afskeid neem.

Met ons as gesin gaan dit goed. Hermie is in Durbanville, Louise in Duitsland en Johann werk tans tydelik in Doebai, terwyl sy huis in Engeland is. Ons bly op Stilbaai. Marietjie hou haar met vertaalwerk besig en ek lees en neem aan verskillende verenigings se aktiwiteite deel.

Ons bid Stellenberg seën toe vir die volgende 50 jaar!

Vervolg op bladsy 17 . . .

**Charlie Holtzkamp (1989 – 1996)**



*Charlie en Elmarie besig met hulle gunstelingtydverdryf op Sondagmiddae – roomys eet.*

**In die meer as 14 jaar as lidmaat en predikant in Stellenberg, is daar vir my een woord wat uitstaan oor my tyd in die gemeente: Verhoudings!**

Die broederskap tussen kollegas. Vreugde en smart saam met die engele in die kerkkantoor. Hegte verhoudings oor wyksgrense heen. Die voorreg om vertrou te word met mense se diepste seer en leed en vreugdeshoogtepunte in my pastorale bediening. Gelowiges met oop harte en hande. En dan natuurlik die geborgenheid wat ek ervaar het toe ek my stryd teen depressie openlik kon deel.

En bowenal is hoe my persoonlike verhouding met God binne hierdie verhoudings kon groei en verdiep. Die dinamika van die gemeenskap van gelowiges was vir my die ruimte waar ek kon ervaar "Ek sal saam met julle lewe, Ek sal julle God wees, en julle sal my volk wees". Levitikus 26:12 (Die Bybel vir almal)

Wat wil 'n mens meer van 'n gemeente vra as dat 'n gelowige wil ontdek dat die lewende God saam met ons lewe!?



**Willem Malherbe (1990 – 2008)**

**Om Stellenberg te onthou**

Ek is 'n redelike alleenloper. Toe ek nog ingenieur was, was dit nie 'n probleem nie, maar vir 'n predikant is dit nie die ideale persoonlikheid nie. As ek vooraf kon kies, sou ek waarskynlik 'n eenman-gemeente gekies het – en dit sou 'n fout gewees het. Maar toe bevind ek my in Stellenberg tussen vyf ander – later nog meer – predikante. Daar het ek die waarde van 'n span ontdek.

Enige beroep het aspekte waarvan mens nie hou nie, maar in hierdie span kon elkeen 'n goeie balans tussen sy voor- en afkeure vind. So het ek die kans gekry om by sendingwerk en interkerklike projekte betrokke te raak, wat in daardie jare baie prominensie in die kerke-wêreld geniet het en vir my 'n prioriteit geword het. Ek sal altyd dankbaar wees dat Stellenberg dit vir my moontlik gemaak het.

Stellenberg was (is) 'n besonderse gemeente wat natuurlik sê dat daar besonderse mense is. Dis hulle wat die gemeente maak. Dis hulle wat ons bediening die moeite werd gemaak het (en sommiges natuurlik soms nie). Daar is baie gemeentelede wat vriende geword het en steeds is. Ons het ook 'n hele klompie stapmaats daar leer ken, saam met wie ons gereeld voetslaanpaaie aangepak het. Maar die beste vriendskappe wat daaruit voortgespruit het, is met twee oudkollegas wat ná aftrede steeds van ons beste vriende is. Ons was die drie oudstes, dalk die dat ons paaie nog saamloop.

Ná aftrede het ons in Bettysbaai gaan woon. Nou in die Covid-era is dit 'n heerlike plek om te wees; baie ruimte en vars lug, min mense en dus 'n lae risiko vir infeksie. Die afgelope tien jaar het ek en Hildegarde bykans 5 000 kilometer op die verskillende camino-roetes in Europa gestap. Dit was 'n groot teleurstelling toe ons beplande 2020-stap gekanselleer moes word. Nou bly ons maar gesond in die seelug en hoop ons kry weer 'n kans om te gaan stap voordat ons te oud word. Verveeld is ons nooit nie: daar is nog te veel interessante dinge om te ontdek en te beleef.

Ek en Hildegarde het net mooi herinneringe aan Stellenberg, maar dis lekker om afgetree te wees!

**Braam Hanekom (1993 – 2004)**



*Die Hanekoms met hulle aankoms in die gemeente: Braam, Mariette, Chris en Marietjie. Klein Marietjie is nou self 'n predikant.*

Ek voel ongelooflik dankbaar as ek terugdink oor my betrokkenheid by Stellenberg die afgelope paar dekades, eers as predikant en later as lidmaat. As mense vir my sou vra wat vir my uitstaan van die gemeente, is dit die volgende:

- Ons kernbelydenis en waardes. Mag ons dit nooit vergeet nie.
- Die uitsonderlike mense wat ek oor jare in die gemeente ontmoet het. Dit is Stellenberg se grootste rykdom en bate.
- Dit sluit die kantoorpersoneel in. Van die beste wat ek ooit ervaar het.
- Hoe ons te midde van diversiteit eenheid kon behou. Die voorbeeld is oor jare deur die predikantespan gestel. Ons kon verskil, maar in diep verbondenheid lief gebly vir mekaar.
- Ons kon nog altyd bly lag en lekker lag. Ook vir onsself. Ek dra bitter baie lekker stories met my saam.
- Ons was nog nooit bang om te vernuwe en grense oor te steek nie.

My lewe het wye draaie gegooi, maar Stellenberg was altyd vir my en my gesin 'n veilige hawe waar daar mense was wat vir ons lief was en omgegee het.

Aan Jesus Christus al die eer. Hy hou self sy kerk in stand.

**Anriëtte de Ridder (2003 – 2016)**
**'n Hele boek vol oor Stellenberg se jeugbediening**



Ek het op 26-jarige ouderdom as jeugleraar by Stellenberg-gemeente begin werk en ek en my man, Koos, het gou tuisgevoel in die gemeente. Daarom dink ek met groot heimwee terug aan die 13 jare in die gemeente en dit voel asof ek eintlik 'n hele boek oor al my ervarings oor die jare heen, kan skryf. Die titel van die boek sal "Annibrand" wees en die subtitel "dat elkeen Jesus sal ken en saam 'n verskil maak" – die jeugbediening se visie van daardie jare.

Die eerste hoofstuk sal ek aan kampe, waaroor ek soveel kan getuig, afstaan. Belydeniskampe op Villiersdorp met die Tabernakel-gebedsreis, graad 8-kampe op Apostelbattery en tientalle ander kampe. Elke kamp het 'n eie tema en teks gehad en baie daarvan is steeds diep in my lewe verweef. Tydens kampe het ek dikwels gesien hoe jongmense in die natuur, tussen ander gelowiges en deur die Woord, Jesus op 'n nuwe, persoonlike manier leer ken.

Vervolg op bladsy 19 . . .

Ek sal natuurlik ook 'n hoofstuk aan uitreike afstaan. Die weeklikse besoeke aan die Delft-sopkombuis en die langer, verder uitreike na Calitzdorp, Laingsburg, Houtbaai, Calvinia en nog baie meer. Die ontsettende armoede en nood het ons almal geraak en ons geloof uitgedaag met roepingsvrae. Ek onthou ook die kategese-uitreiknaweek toe al die groepies die Saterdag oraloor die Skiereiland diens gelewer het en daarna die dag met 'n *foam party* in die grootsaal afgesluit het. En wie sal ooit die 2010-sokker-wêreldbeker se uitreike en veeltalige eredienste kan vergeet?

Ek kan ook wonderlike stories oor leiers saam met wie ek oor die jare heen saam kon bedien, deel. Kollegas, jeugwerkers, personeel, kategete, jeugkommissielede en diensjaarlede. Ek eer ook al die talle toegewyde en diensbare vrywilligers wat oor die jare hulle tyd en gawes met tieners gedeel het. Dit was sowaar die Liggaam van Christus in aksie.

Aanbidding en gebed sal ook 'n hoofstuk in my boek wees, en veral die jeug-*bands* soos Loofstoof, Pryskombuis, Kamplamp en Plofstof, se name kom by my op. Tydens die jeugdiens en Woensdagaande se Midweek-byeenkomste het ek ervaar hoe musiek 'n ruimte vir jongmense, waarin hulle God kan ontmoet, skep.

Ten slotte sal my boek getuig van hoe God deur sy Gees in en deur die jeugbediening van Stellenberg werk. Na 13 jaar in die gemeente, is ek deur die Wes-Kaapland Sinode beroep met opdrag: Jeug- en Familiebediening. Ek, Koos en ons drie kinders het na Stellenbosch verhuis. My werk behels nou dat ek die 226 gemeentes in ons sinodale streek toerus en begelei om jongmense se geloof te vorm. Daarvoor is ek beslis toegerus tydens my dienstermyn in Stellenberg-gemeente.

**Peter Kotze (2016 – 2018)**



*Peter en sy vrou, Chané.*

Veels geluk Stellenberg-gemeente met julle 50-jarige viering! Wanneer ek aan my bedieningstyd by die gemeente dink, word ek op nostalgiese wyse herinner aan 'n gemeente wat met die hart van God op reis is. Daar was en is altyd drie woorde wat vir my uitstaan wanneer ek dink aan daardie tyd: liefde, diens en uitreik.

Stellenberg-gemeente se nalatenskap sal altyd gemeet word aan die baie mense na wie die gemeente buite sy grense uitegereik het en al die mense wat 'n liefdevolle tuiste in die gemeente self kon vind.


Daarmee laat Stellenberg 'n geweldige erfenis van die koninkryk van God! Net so is die passie en opoffering van Stellenberg se lidmate meetbaar aan hoe wyd die invloed van die gemeente strek – nie net oor geografiese grense nie, maar juis oor selfs taal- en kultuurgrense heen.

Van my beste herinneringe sluit in die tyd wat ek in die jeugkantoor, saam met 'n span wat geesdriftig was oor Jesus, deurgebring het! Ek onthou die woorde "Ek ruik koffie . . ." wat eenvoudig beteken het dat iemand lus geraak het vir 'n goeie, gebroude jeugkantoor-kafeïen-hupstootjie. Ons uitreike saam was natuurlik altyd 'n hoogtepunt, met Leeu-Gamka se mense wat in die diepste winters diep in my hart gekruip het.

Vervolg op bladsy 20 . . .

Na my dienstermyn by Stellenberg het ek my doktorale studie voltooi en al verskeie artikels in Suid-Afrika en oorsee gepubliseer. Ek het 'n vryskutomroeper by Radio Tygerberg geraak, en ook by die Bron-gemeente se personeelkorps aangesluit. Intussen het ons 'n seuntjie, Simon, ryker geword. Hy sal in November een jaar oud wees. As gevolg van hom verstaan ek vir die eerste keer in my lewe vader-kind-liefde en ek begryp skielik 'n dieper dimensie van God se liefde vir ons. My passie vir uitreike en missionale bewegings is steeds daar en ons sien uit na dit wat God vorentoe ook vir ons beplan.


Dankie vir elkeen by Stellenberg-gemeente wat deel was van my lewenspad in Stellenberg – my voormalige medeleraars, elkeen in die kantoor en op die terrein en elke gemeentelid wat erns maak met hul geloof in Jesus Christus. Stellenberg-gemeente sal my altyd na aan die hart bly! Baie seën vir die volgende 50 jaar!



*Jeugwerk was 'n uitputtende bediening in die laat tagtigerjare. Ds. Bremer (regs) en 'n medekampeerder knip 'n uiltjie in die bussie op pad huis toe na 'n jeugnaweek.*



*En so lyk die groepie "government inspectors" waarna ds. Koosie Delport verwys het. Ds. Bremer Gericke op die inlasfoto was blykbaar die bestuurder van die voertuig.*



# ’n Leeftyd se soet en sout saam met Stellenberg

**Rita Steyn wat reeds in 1970 by die gemeente se administrasie betrokke geraak het, se voorwaardes vir die gesprek met *Stellenberger* was baie duidelik.**

Eerstens, geen foto’s nie – sy wil nie vir ’n foto poseer nie en daarom neem ons liewer ’n foto van haar meer as 100 vrolike tuinkabouters, wat sy ter wille van haar kleinkinders versamel het.

Tweedens, sy sal vertel wat sy wel nog onthou, het sy gesê, maar haar skerp syferbrein het nie teleurgestel nie en sy kon baie staaltjies vertel.

*Stellenberger* het by Rita in haar gesellige blou huis in Legato-aftreeoord gaan kuier. Haar gunstelingkleur en ’n leeftyd vol herinneringe is oral in haar huis te bespeur. Soos Rista, haar jongste dogter wat tien jaar gelede oorlede is, se oorbelletjies wat teen die muur uitgestal word. “Ek kon dit nie tot niet maak nie,” sê Rita, “want sy sal altyd in my hart wees, toe plak ek dit maar hier teen die muur.” Rita vertel verder:

“Destyds toe ek en Steyntjie, soos almal my man genoem het – sy naam was eintlik Ebeth – in Stellenberg ingetrek het, was daar net vyf huise in Saldanhastraat waar ons gewoon het. Steyntjie het toe by die bure navraag gedoen of hier ’n kerk in die omgewing is en toe met ds. Visser gaan kennis maak.

Ds. Visser het destyds naby die Stodels-kwekery gewoon en in daardie stadium is nog in Laerskool Kenridge se skoolsaal kerk gehou. Tydens die kennismaking vra ds. Visser toe vir Steyntjie of sy vrou nie dalk kan tik nie, want hy benodig ’n tikster wat sy briewe kan tik. En so het ek toe, met die tik van briewe, by die kerk begin werk. Later het ek grootliks met die geld gewerk en Steyntjie het die gemeente se boeke gedoen.

“Na die kerkgebou gebou is, het ek in die kantoor begin werk, maar is nooit amptelik met ’n brief aangestel nie. Ses jaar later het die werk te veel geraak vir my alleen en toe sê ds. Visser ek moet een van my vriendinne vra om te kom help. Ek vra toe vir Valerie Green. Haar jongste seuntjie was op daardie stadium drie jaar oud en hy het sommer daar by ons in die kantoor grootgeword. Valerie en haar man, Ivan, is ook steeds lidmate van die gemeente.



*’n Destydse foto van die Steyns, van links: Dirk, Rita, Ebeth, Ninon en Rista op die inlasfoto.*

“In daardie dae het ons kerkraad uit 100 ouderlinge en 100 diakens bestaan. Die omgewing het as “Nappy Valley” bekend gestaan en ek onthou dat daar een Februariemaand 18 babas tydens die oggenddiens gedoop is.

“Ek kan nie onthou wat die bedrae was wat Sondae tydens die kollekte-opnames ingesamel is nie, maar ek onthou wel dat ons destyds weekliks met ses geldsakke vol geld bank toe gery het. Dan het ek en Alta, wat ook later by die kantoorpersoneel aangesluit het, dit gaan bank sonder om ooit onveilig te voel.

“Fondsinsamelings was natuurlik in daardie dae ’n groot deel van die gemeenteaktiwiteite omdat ons geld vir die bouery moes insamel.

Vervolg op bladsy 22 . . .

Ons het allerhande goed aangepak om geld in te samel, van breikompetisies tot een kompetisie waar al die lede van die Vrouediens een aand soos kinders moes aantrek – ek het nogal die aand die prys gewen.

Ds. Visser, wat bekend gestaan het as een van die beste fondsinsamelaars van sy tyd, het die stoele in die saalkompleks ook 'verkoop'. 'n Mens kon 'n stoel teen R12 elk koop.

"Ek dink nou baie terug aan die tye toe ons lekker saam gelag het. Saans na die basaar wanneer ek die geld gesit en tel het, het Charlie Holtzkamp pannekoeke gebring en Christo Alheit 'n bietjie rooiwyn en dan het ons baie lekker saam gelag en gesels.

"Ek onthou ook hoe my kinders Bremer Gericke se jeugbediening geniet het. Hulle het nooit gekla om saans na die byeenkomste te gaan nie en het smiddae na skool al begin beplan wat hulle die aand gaan aantrek. My drie kinders, Dirk, Ninon en Rista is hier gedoop en voorgestel. Nou ja – so het die verloop van die lewe ook daartoe gelei dat Bremer vir Rista begrawe het.

"Ek het baie in die gemeente en saam met die mense van die gemeente beleef. Ek het my geliefde man, Steyntjie, ook hier begrawe. Steyntjie het vir jare die gemeente se boeke behartig en na twee nieroorplantings en vyf en 'n halwe jaar op dialise-masjiene, het ds. Kobus Koch hom in 1998 begrawe. Ds. Koch het die dag so mooi van Steyntjie gepraat. Toe ek sestien jaar oud was het ek vir die Here gebid dat Hy vir my 'n goeie man, maar hy moet ook lank wees, sal stuur. En toe het Hy vir my werklik 'n baie goeie man gestuur."


*Rita se kleurvolle tuin met nie minder nie as 100 kabouters wat sy vir haar kleinkinders gemaak het.*

Rita vertel dat sy in 2000 by die kerkkantoor klaargemaak het. Dit was die jaar waartydens haar oudste kleinkind gebore is. 'n Groep van 25 Stellenbergers het ook daardie jaar saam met ds. Carel van Wyk na die Passiespel in Duitsland gaan kyk en met hul terugkeer, het sy by die kerkkantoor uitgetree.

"Nou ry ek smiddae my kleinkinders rond en na skool bly hulle soms hier by my. My een kleindogter bel my elke oggend om te hoor of Ouma nog leef," skerts Rita.

# Nie gebore nie, maar getoë in Stellenberg

Dirmü en Duan Gouws het beide in Stellenberg-gemeente grootgeword en is onderskeidelik sedert 1971 en 1976 feitlik ononderbroke lidmate van die gemeente. Hulle het dus die 50-jaar-mylpaal stap vir stap saam met die gemeente beleef.

*Stellenberger* loer vinnig in by 'n besige Dirmü wat, soos almal haar ken, altyd 'n glimlag op haar gesig het en met haar borrelende energie gelyktydig aandag aan al die hooi op haar vurk gee. Tussen e-posse, telefoonoproepe en WhatsApp-boodskappe waarmee sy haar onderneming, wat onafhanklike marknavorsing doen, bedryf, gesels ons met dié ouderling van die gemeente.

"Ek het in Panoramarylaan grootgeword en Duan, die bekende gesig op feesgeleenthede agter die wyn-en-koeldranktoonbank, het in Vredenbergrylaan gewoon," sê Dirmü. "Ons woon trouens sedert 2000 in Duan se ouers se huis. Ons twee was in dieselfde laerskool, maar verskillende hoërskole. Ons het saam aan die destydse Kaapse Technikon studeer, maar die liefde het eers na ons studies begin blom," skerts Dirmü. "Ek het eers 'n draai oorsee gemaak en toe ek terugkeer na Suid-Afrika, het ek en Duan mekaar herontmoet. Ds. Carel van Wyk het ons destyds in die kerk getrou. Ons het vir 'n jaar na ons troue by 'n ander gemeente ingeskakel, aangesien ons toe in Brackenfell gewoon het, maar ons het net te veel na Stellenberg verlang en toe maar weer by die gemeente as buitelidmate ingeskakel. En so het ons verhaal saam met die gemeente begin. Ons twee kinders is ook hier gedoop.

"Ek was in standerd 4 toe ds. Bremer Gericke die jeugbediening in die gemeente begin behartig het. Ek het baie heimwee oor die talle SKJA-kampe wat ek saam met hom meegemaak het. So het dit dan ook gebeur dat juis hy my in 2005 gevra het om as sy wyk se ouderling in die kerkraad te dien.



*Foto bo: Dirmü (heel links) en maters in 1987 by die skoolverlaterskamp in Melkbosstrand.*

*Foto onder: Duan en Dirmü Gouws saam met ds. Carel van Wyk op hulle troudag. op 4*



"Aanvanklik het Bremer my natuurlik met 'n slap riem gevang," lag Dirmü. "Hy het gesê as ouderling moet ek wanneer ek en hy 'n vergadering oor wyksaangeleenthede het, vir hom 'n sjokolade saambring. Dit was blykbaar volgens hom die voorgeskrewe prosedure en ek het my maar deur die sogenaamde voorskif laat welgeval en hy het oor die jare heen baie sjokolades geëet."

Sestien jaar later dien Dirmü steeds getrou in die kerkraad en vertel dat alhoewel sy haarself eerder 'n doener as 'n dinker beskou, is dit tog vir haar lekker om deel te wees van die visionêre besluite wat deur die kerkraad geneem word, want

Vervolg op bladsy 24 . . .

dit gee die rigting en pas van die gemeente se bedienings en aktiwiteite aan.

"Dit bly vir my en Duan 'n wonderlike voorreg om in die gemeente betrokke te wees. Ons het oor die jare heen by verskillende gemeente-aktiwiteite betrokke geraak. Aanvanklik as kategete en later by die gemeente se uitreike na Vosburg-gemeente en ook die basaar. As kategete het ons wonderlike verbintenisse met ander lidmate gemaak en die een kategetegroep is steeds vyf jaar later, na die kinders al klaar met skool en kategese is, in verbinding met mekaar. Dieselfde geld vir vriendskappe met die Vosburgers. Ons het wonderlike vriende met van die boere in Vosburg gemaak en kuier sommer nou dwarsdeur die jaar oor en weer."

Oor die grootste veranderinge wat gedurende die afgelope 50 jaar in die gemeente plaasgevind het, meld Dirmü dat die algehele aanslag in die gemeente meer informeel geraak het. "'n Mens het wel 'n sekere sentiment oor die formaliteit wat in die verlede geheers het, maar dit sou onvanpas wees in die hedendaagse samelewing.

"Verder slaag die gemeente daarin om die veranderende en verskillende behoeftes van lidmate in ag te neem. Ek en Duan het die familiediens en die kosbare liedjie '*My emmertjie loop oor*' intussen ontgroei en het nou meer 'n behoefte aan 'n meditatiewe diens. Daar is dus in Stellenberg voortdurend vir elke lidmaat met sy of haar unieke behoeftes 'n plek."



# Stellenberg-kosprojek troef die tyd







*Foto links: Desember 1989 – kospakkers besig om pakkies vir 13 gesinne, wat deur die projek ondersteun is, te verpak. Danksy 'n lywige skenking aan die kosprojek, wat boonop 'n halwe skaap aan elkeen van die 13 gesinne ingesluit het, moes dit 'n dankbare Kersgeskenk vir die ontvangers gewees het. Foto middel en regs: Kospakkies word deur die jare heen aan die einde van die maand verpak en versend. Deesdae verkies baie lidmate om kontantbydraes tot die projek te maak, waarmee kosprodukte dan aangekoop word.*

Die Stellenberg-kosprojek het in April 1987 amptelik weggespring, volgens verslaggewing deur die Stellenberger. Volgens die beriggewing was die eerste kosinsameling so oorweldigend positief dat die gemeente vir die eertydse Christelike Maatskaplike Raad (nou BADISA), asook vir die gemeente in Ruyterwacht, van voedsel kon voorsien. Tans word kospakkies aan 18 gesinne gelewer en hulp in die vorm van daaglikse toebroodjies, word ook aan 'n sopkombuis en 'n speelskooltjie in Elsiesrivier verskaf. Die kospakkies word elke laaste Woensdag van die maand deur ongeveer 20 vrywilligers verpak. Sommiges is reeds langer as 20 jaar by die projek betrokke.

Vir die afgelope 32 jaar al is hierdie ongelooflike projek deel van Stellenberg-gemeente se hartklop.

# Geldsake verander baie en tog min oor 50 jaar heen

**Oor die afgelope 50 jaar is daar werklik net een woord wat Stellenberg-gemeente se finansies kan omskryf en dit is volkome dankbaarheid. Wanneer 'n mens terugblaai in die geskiedenis, was die onderliggende kommer oor waar die geld vandaan gaan kom, en of dit genoeg sou wees om die beoogde uitgawes te dek, altyd die ondertoon van elke finansiële verslaggewing, maar uiteindelik is die sorg van die Here vir sy kerk keer op keer bewys.**

In 1988 was die gemeente se totale inkomste R740 000. Lidmate het in daardie stadium gemiddeld R17 per maand tot die dankofferfonds bygedra. Dit het 'n styging van 16% teenoor die vorige jaar getoon, wat die finansiële beamptes onrustig gelaat het, aangesien die boukoste van die kleinsaal steeds gedelg moes word en die gemeente nog 'n allemintige bedrag van R265 000 op die saal geskuld het.

Te midde en ten spyte van die kerkraad se kommer oor die gemeente se stadig groeiende inkomste en die groot som uitgawes, is 40% van die gemeente se inkomste deurgaans na buite aangewend – Stellenbergers bly altyd getrou aan hulle roeping.

In 1994, ses jaar later, het lidmate se maandelikse bydraes tot gemiddeld R39 per maand gestyg. Uitgawes van ongeveer R2 miljoen is vir die jaar voorsien. Op daardie tydstip was die grootste persentasie van die totale bydraes deur lidmate se maandelikse bydraes en het 'n bedrag van R1 154 639 beloop met bankkollektes wat R159 426 van die totale bydraes uitgemaak het en die tiendemaandinsameling R273 187.



In 1996 word Stellenbergers sommer direk en streng deur die finansiële verslaggewer aangespreek. "Stellenberg se gemiddelde bydrae per lidmaat is R44 per maand. Vergelyk dit met die Ring van Durbanville se gemiddelde bydrae per lidmaat (insluitend gemeentes waar lidmate finansieel swaar kry soos Kraaifontein) van R40 per maand. Hoe lyk dit Stellenberg?" *{Dit lyk asof die goeie gewers hulle darem nie vir die trant van beriggewing vererg het nie, maar eerder hulle sokkies opgetrek het, want die bydraes het nie opgedroog nie. Red.}*

In 2005 getuig die verslaggewer met dankbaarheid dat die gemeente se geldsake 'n bron van groot dankbaarheid is. Terwyl baie gemeentes in daardie stadium binne die NG Kerk-familie ernstige finansiële nood beleef het, kon Stellenberg met groot dankbaarheid oor die toe afgelope jaar heen kyk. Lidmate het R5,2 miljoen gedurende die boekjaar tot die gemeente se bedrywighede bygedra. Bydraes is saamgestel uit debietorders (36%), bydraes wat in koeverte ingegee is (25%), bankkollektes (14%), basaar (2%) en feesmark (7%). Bo en behalwe bogenoemde inkomste het lidmate in die boekjaar sowat R1,25 miljoen tot geoormerkte projekte soos Tehilla (sleutelprojek) en geloofsoffers bygedra.

Vervolg op bladsy 26 . . .

In 2008 word berig dat die gemeente se inkomste in 2005 groei van 32% getoon het en die volgende boekjaar (2006 tot 2007) se groei was toe slegs 5%. "Oor die afgelope jare kon verskeie inisiatiewe en uitreikprojekte aangepak word, tot groot seën ook vir die gemeente. Uiteraard plaas die konserwatiewe inkomstegroei druk op hierdie inisiatiewe. Die kerkraad moet 'n balans handhaaf tussen dit wat ons glo ons primêre verantwoordelikheid is (ons werk na buite) en besteding binne die gemeente, wat tot opbou van die gemeente is," lui die verslaggewing. Daar word berig dat alhoewel die bankkollektes die voorafgaande jare goeie groei getoon het, het die gewone dankoffers, asook die tiendemaandinsameling steeds die grootste voedingsaar tot die gemeente se inkomste gebly. Dit gee wel die indruk dat sommige lidmate se dankofferpatroon wel begin verander het deurdat hulle begin verkies het om hul bydraes deur bankkollektes te gee. Maandelikse bydraes het in daardie stadium soos volg daarna uitgesien:

• Debietorders/aftrekorders/elektroniese oorbetalings: 699 gesinne dra op dié wyse by.

• Koeverte: 1 134 koeverte word uitgedeel, slegs 225 word terugontvang.

{*Dit is belangrik om te onthou dat die wêreld in 2008 deur 'n internasionale finansiële krisis getref is, wat uiteraard ook 'n groot impak op Suid-Afrikaners se finansies gehad het en nie die kerk onaangeraak gelaat het nie. Red.*}

In 2019 (elf jaar later) skryf Danie Claassen, voorsitter van die gemeente se finanskommissie, soos volg:

"Die begrote uitgawes vir die huidige boekjaar beloop ongeveer R10,7 miljoen. Uitgawes val breedweg in drie kategorieë – uitbou (fokus na buite), opbou (fokus binne die gemeente) en ondersteuning (administrasie en eiendomme). Die uitgawebegroting word befonds deur die volgende bronne van inkomste : Bankkollekte (11%), Jaarlikse dankoffers (17%), Maandelikse dankoffer (47%), Fondsinsamelings (19%) en Huurinkomste (6%).

Uit bogenoemde samestelling van inkomste is dit duidelik dat die gemeente se hoofbron van inkomste steeds maandelikse dankoffers is. Die gemeente spring egter nie die impak van die negatiewe ekonomiese omstandighede vry nie en daarom het die kerkraad besluit om nie vanjaar te begroot vir 'n inflasionêre verhoging in inkomste nie – die gevolg was dat die bedieninge hulle uitgawes met tussen 2% en 5% moes sny."

'n Jaar later in 2020 het die koronaviruspandemie die wêreld getref en uiteraard was die impak op die gemeente se finansies ook ingrypend. Deur die baie bekwame finansiële bestuur van die finansieskommissie het Stellenberg-gemeente die finansiële aanslag van die virus oorleef. Personeel se salarisse is aanvanklik met 40% en later met 20% besnoei en alle bedienings se uitgawes is drasties ingekort wat tot gevolg gehad het dat slegs noodsaaklike dienste soos voedingsprojekte voortgegaan het, maar geen poste is besnoei nie.

Dit is met groot dankbaarheid teenoor bekwame lidmate soos Danie Claassen, Marius Saayman, Johannes van der Merwe en Johannes Steyn dat ons oor die afgelope 50 jaar se finansiële bestuur kan terugkyk. Kommissielede se toewyding en kundigheid en bowenal die sorgsame hand van ons Hemelse Vader het Stellenberg-gemeente 50 jaar lank behoed.

# Staaltjies en snippers . . .

### ➔Op 13 November 1986 word die Edelweiss-dienssentrum en wooneenhede van die ACVV amptelik geopen.



Op die foto is mnr. Gene Louw, die administrateur van die destydes Kaapprovinsie en mev. Hanna Pienaar, voorsitter van die bestuurskomitee.

### ➔In 1986 is die volgende menings oor vroue in die amp as diaken en ouderling in die gemeentekoerant geopper:



*Stellenberg-gemeente se eerste kerkraad.*

" ’n Diakones is nog goed, maar ’n ouderling of predikant moet 'n man wees. Net soos in die huisgesin moet die man die leiersfiguur wees," reken die vrou van ’n dienende diaken. ’n Dienende ouderling druk sy swart baadjiepant oop en vra dringend: "Bring tog ’n bietjie kleur in! Ag, die vrouens moet tog nie swart en wit dra nie," is sy versoek, in die hoop dat mans dan ook meer kleurvol kan begin aantrek. Verder sê hy: "Liewer in ywerige vrou in die amp, as ’n man wat nie geesdrif vir sy werk het nie." ’n Ander diaken se mening is soos volg: "Ja, vir al die ampte vir vroue, maar dan moet dit volgens die vroulike aard en funksie wees, met ander woorde dit moet diens behels by bediening waar meestal meisies, vrou en bejaardes betrokke is.”

In ’n opvolgartikel is die kommer ook uitgespreek dat indien vroue tot die kerk se ampte begin toetree, mans sal onttrek en hulle plig teenoor die gemeente versaak.

*{’n Mens is vandag opreg dankbaar en verlig dat lidmate en leiers wel mettertyd vernuwend begin dink het. Red.}*

Vervolg op bladsy 28 . . .



## ➔Die briewekolom van 1989 – 'n ma se frustrasies verander ook net nooit nie

In 1989 rig 'n anonieme lidmaat 'n brief aan Stellenberger se briewekolom. Dr. Elsa de Leeuw, huweliks- en gesinsberader, het lidmate met leiding en advies bedien rakende die verskillende dilemmas wat hulle beleef het. Te oordeel na die betrokke briefie wat mev. G geskryf het, het ma's se uitdagings en probleme sedertdien, veral nou tydens die koronavirus-pandemie, baie min verander. Mev. G skryf dat sy drie kinders het, almal nog op laerskool. Haar wederhelf, 'n sakeman, is dikwels uitstedig. Hierbenewens is hy volgens haar ook selde by die huishouding betrokke.

"Ek kook, maak huis skoon, was, stryk en namiddae ry ek die kinders vir sportbedrywighede rond. Dit voel vir my of niemand dit raaksien nie. Meer nog: ek weet nie meer wie ek is nie en sukkel om myself in verhoudings te handhaaf. Ek voel ook sleg wanneer ek 'n emosionele uitbarsting het, maar selfs daaraan steur die huismense hulle nie eers meer nie. Help, asseblief!"

Dr. Elsa de Leeuw se raad aan haar was om haar werklike gevoelens met haar man en gesin te deel. Verder moet sy haar denke verander en besef dat sy nie almal se spreekwoordelike slaaf hoef te wees nie en laaste maar nie die minste nie – sy moet daagliks tyd vir haarself inruim en in daardie tydjie iets doen was sy werklik geniet.

*{Goeie raad wat steeds in 2021 relevant is. Red.}*

## ➔Fondsinsamelings en basaars is sinoniem met die meeste gemeentes

Stellenberg-gemeente het oor die afgelope 50 jaar nie 'n tekort aan fondsinsamelingsgeleenthede en basaars gehad nie. Van saalstoele wat teen R12 elk deur ds. Visser verkoop is, tot die opbrengs van die orrelfonds en enige fees denkbaar, is aangewend om die kerkgeboue staande te kry. Maar bowenal was die strewe om Jesus se hande en voete hier op aarde te wees.

**Foto regs: In 1973** het die orrelfonds 'n hulpstoot ontvang met 'n insameling van R500 wat verkry is deur die aanbieding van 'n deftige ete. Die dames op die foto was vir die fondsinsameling verantwoordelik.

*{Is die uitrustings nie pragtig nie? Red.}*





**By 1987 se basaar** het ds. Carel van Wyk (foto links) die potte aan die prut gehou.

## ’n Dankfees in 1989



In Maart 1989 samel die dankfees 'n rekordbedrag van R49 000 in. Die verslaggewer meld dat bo en behalwe die groot bedrag wat ingevorder is, bly die grootste wins egter die vriendskapsbande wat tydens die weke lange se saamwerk tussen gemeentevroue gesmee is. Die flukse lede van die vrouediens (foto regs) het 400 hoenderpasteie, 400 worsrolletjies en 140 melkterte vir die dankfees gebak.

**In 1991** haal die basaar se opbrengs haal die R50 000 kerf en organiseerders is veral dankbaar dat die dreigende reën nie geval het nie. **In 1996** word die basaar met 'n wins van R70 000 beloon. Die fondse word vir die jeug-, sending- en barmhartigheidsbediening aangewend. **In 2001** word die basaar met 'n gholfdag gekombineer en die twee lewer onderskeidelik 'n opbrengs van R120 000 en R6 000. Die jaar se fondsinsamelings is met 'n wynveiling afgesluit.



## By 1994 se basaar word die tande behoorlik ingelê

Foto regs: Ds. Charlie Holtzkamp las hoog bo die grond met kaal tande en hande die elektriese klankdrade om seker te maak almal kan die basaarafkondigings hoor.

## In 2011 was Pastor’s Pizza die hoogtepunt

Die leraarspan het ’n blitsverkoper *Pastor’s Pizzas*, by die basaar bekend gestel. Soos te siene op die foto links onder, was die basaar, soos altyd, ’n miernes van aktiwiteite. Op die foto regs onder, bemark di. Callie Visagie en Why Duvenhage die pizzas en Karin Barter gee hand met ’n knippie sout. Die lekker pizzas was vinnig uitverkoop en saam met die pizzas is 180 kg aartappels tot aartappelskyfies verwerk en 1 800 pannekoeke, 570 hamburgers en 420 skaapkerrie-etes ook boonop verkoop.









## ’n Potjiekoskompetisie in 2014

In 2014 word 'n potjiekoskompetisie (foto links) as deel van die basaar se werksaamhede ingespan en spanne word vir hulle kos en ook aanbieding beoordeel. Dit het vir 'n lekker atmosfeer gesorg, vertel die destydse basaarorganiseerder, Adri du Randt. Die basaar het daardie jaar R98 229 opgelewer.

Vervolg op bladsy 30 . . .

## ➔Wat het lidmate oor 1994 te sê gehad?




**Joan van der Poel, steeds 'n aktiewe lidmaat van Stellenberg, deel haar emosies rakende 1994 soos volg in die gemeentekoerant:** 1994 voel vir my onseker. Nogtans het ek besluit om die jaar met 'n positiewe gesindheid aan te pak, gebaseer op die gebed van 'n Wes-Afrikaanse man wat ek in Januarie gelees het.

"Ek gooi my vreugde soos voëls in die lug op, Here! omdat 'n nuwe dag knetterblink, dawer en knetter van u liefde. Here, goeie God, U maak elke dag."

**Nic en Toelie Rousseau, senior lidmate, sê die volgende:** Gedurende die Kersgety het ons weer opnuut bewus geword van die vrede, vreugde en vriendskap wat ons vind in die sekerheid dat Jesus, ons Verlosser, leef. Ons besef dat 1994 'n moeilike jaar gaan wees, maar oor baie jare heen het ons geleer en ervaar wie in alle omstandighede in beheer is. Op Hom, ons Hemelse Vader, kan ons vertrou.

**Anelde Greeff, 'n graad 10-leerder, som haar verwagtinge soos volg op:** Vir ons familie het Kersfees baie beteken. Nadat ons die jaar 'n verlies gely het, het dit gevoel asof ons deur die Kersvreugde weer saamgebind is en van God se liefde verseker is. 1993 was nog so stormagtig en toe begin 1994 sommer. Daarom weet ek nie wat om van die jaar te verwag nie. Tog weet ek dat ons as Christene moet saamstaan indien ons vanjaar vrede in ons land wil hê.

## ➔Feesmarkte gaan van krag tot krag



Die Kersfeesmallemeule op die foto regs, was 'n blitsverkoper op die eerste Feesmark wat in 1995 aangebied is. Op die foto bewonder Lourene Gerber die interessante skepping. Die feesmark is 'n jaarlikse instelling in die gemeente en het werklik met baie genade en deur harde werk jaarliks groter en beter geraak. In 2003 word verslag gedoen dat die grootste feesmark tot nog toe daardie jaar aangebied is. 'n Rekordgetal van 440 aansoeke is van voornemende uitstallers ontvang. Uiteindelik is 156 uitstallers gekies en 450 dienswerkers, wat lidmate van die gemeente was, het gehelp dat sake by die mark vlot verloop.

In 2005 ontvang die feesmarkkomitee 660 aansoeke van voornemende uistallers, waarvan slegs 155 uitstallers gekeur kon word. Dit raak nou baie duidelik dat die feesmark vir baie uitstallers 'n lewensaar geword het. 'n Uitstaller wat popklere gemaak het, Hurita Visser, het in 2005 reeds gesê: "Ek lewe vir die feesmark. Dit is elke jaar my enigste bron van inkomste." Die feesmark het daardie jaar op weeksdae gemiddeld 3 000 besoekers ontvang en oor naweke 5 000. Tente is op daardie stadium nog nie addisioneel tot die mark se uitstaloppervlak gevoeg nie.

In 2006 vertel Malita Joubert, wat toe die spyseniering van die restaurant vir die tweede jaar behartig het, dat sy 'n allemintige 1,2 ton afval voorberei en verkoop het. Saam met dit is 464 koeke en 8 000 pannekoeke verkoop.

In 2007 verkoop Daan en Annelize van der Merwe twee ton beskuit tydens die feesmark. Annelize het met die bakkery begin toe die egpaar nog in Ceres met sagtevrugte geboer het. Nadat hulle die plaas verkoop het, het hulle sommer albei by die bakkery betrokke geraak. Daan het vertel dat toe hulle die eerste jaar by die feesmark uitgestal het – hulle nie geweet het wat om te verwag nie. Hulle het letterlik dag en nag gebak en hy het soveel ure op sy voete deurgebring dat die been in sy voet dwarsdeur sy hak begin steek het.

{*Ons sê mos – jare se baie harde werk. Red.*}

# Stellenbergers bly oor die jare heen aktief








*Foto links: Vier Stellenbergers het in 1993 aan die Comrades-marathon deelgeneem. Hulle is van links Martin van Rensburg, Charlie Holtzkamp, Kobus Brand en Linnea Potgieter. Linnea is steeds 'n lidmaat van die gemeente.*

*Middel: Lily Joubert stap in 1993 die Boerbokrandroete saam met die Stellenberg-stapgroep. Lily is steeds 'n aktiewe lidmaat van die gemeente en tans 'n inwoner van Edelweiss.*

*Foto regs: Ds. Willem en sy vrou, Hildegarde, neem in 2000 aan die SAD Halfmarathon in Wellington deel.*





*Foto links: Tour de Oudtshoorn! 15 Stellenbergers het op 15 Maart 2003 om 06:30 op hulle fietse vanaf die kerkgebou vertrek. Hulle eerste stop was in Robertson, toe Barrydale, toe Ladismith en teen die Maandag in Oudtshoorn. Die fietsryers het sommer in die dieselfde asem R4 000 ingesamel ten bate van vigswesies.*

*Foto regs: Tien stappers het in Julie 2011 die bekende Walvisroete aangepak. Die groep is van links agter Maria Jacobs, Marietjie Pool (née De Graad), Stoney Steenkamp, Marieta Visagie, Ina Steenkamp, Elbe van der Merwe, Callie Visagie en voor Magdalena Steenkamp, Heather Oosthuizen en Santie Visagie.*

# Van een askie na die volgende . . .



*Op die foto links is Gerba de Klerk leier van 'n groepie jong manne genaamd Aksie 6. Die foto is in 1999 tydens hulle jaarafsluiting geneem. Deesdae is Gerba by die gemeente se VatVyf-groep betrokke. Hier is sy behulpsaam met die samestelling van 'n program wat vir alle lidmate bo die ouderdom van 55 jaar aangebied word.*